# Hillcrest High School

Graad 11

# AFRIKAANS EAT VRAESTEL 1

NOVEMBER 2025

**PUNTE:** 80

**TYD: 2 uur**

**EKSAMINATOR:** Mev. L. Middleton

**MODERATOR:** Mev. S. Strydom

**<u>INSTRUKSIES EN INLIGTING.</u>**

1. **Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings.**

| | |
|---|---|
| **Afdeling A : Leesbegrip** | **(30)** |
| **Afdeling B : Opsomming** | **(10)** |
| **Afdeling C : Taal** | **(40)** |

2. **Lees die instruksies baie goed deur.**

3. **Beantwoord <u>AL</u> die vrae**

4. **Begin elke afdeling op 'n skoon bladsy.**

5. **Skryf jou onderwyseres se naam op die dekblad.**

   **Me. Strydom, Middleton, Henderson, Wessels of Papé**

6. **Nommer die antwoorde korrek volgens die nommers wat in hierdie vraestel gebruik is.**

7. **Spelling en sinskonstruksie is belangrik.**

8. **Skryf netjies en leesbaar.**

**AFDELING A: LEESBEGRIP**

**VRAAG 1**

Lees die artikel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS A: ARTIKEL**

**Sotho-ma, -seun leer saam Afrikaans danksy skool se steun.**

Datum: 8 Junie 2025
Joenalis: Jhua-Nine Wyrley-Birch



**Awelani en Thabang Khoaisi (Foto: Jhua-Nine Wyrley-Birch)**

1. In Januarie vanjaar het Thabang Khoaisi se skoolloopbaan as graadeentjie aan Laerskool Hermanstad in Pretoria afgeskop. Dit is ‘n Afrikaanse laerskool, en dit is ‘n taal wat nie hy of enigiemand anders in sy ouerhuis magtig was nie.

2. Vyf maande later vertel Thabang met ‘n groot glimlag in Afrikaans aan Maroela Media wie hy is, hoe lief hy vir sy juffrou is en hoeveel drieë hy onlangs by die bulletjierugby gedruk het. “Ek het vier dries gehad, tannie,” vertel die skattige haasbekkie in ‘n sagte stem.

3. En volgens sy ma, Awelani Khoaisi, is klein Thabang se vordering alles te danke aan die “impak, dissipline en gemeenskap” van Afrikaanse skole soos Laerskool Hermanstad, waar Thabang “per ongeluk” in Januarie vanjaar geplaas is.

4. “Ek was heeltemal verbysterd, kwaad en natuurlik gefrustreerd,” vertel Awelani oor haar – nou bekende – video op sosiale media waarin sy vurig haar misnoeë te kenne gegee het oor haar Engelssprekende seun se plasing in ‘n Afrikaanse laerskool.

5. Dit nadat sy en haar eks-man, wat albei in die weermag in Voortrekkerhoogte werk, soos duisende ouers hul jongste die vorige jaar betyds by die Gautengse onderwysdepartement geregistreer het, net om te hoor dat hy nêrens aanvaar is nie.

6. Ná ‘n tweede aansoekpoging in Desember 2024 is hy uiteindelik in die Laerskool Hermanstad geplaas, maar Awelani sê sy het eers besef dié skool is volwaardig

Afrikaans toe sy die vorms by die kantoor moes invul twee dae voordat die skooljaar sou begin.

7. "Die kind praat net Engels, en dis Maandag, en die departement het ons nêrens anders geplaas nie, net hierdie skool. Ek sit hier met 'n probleem wat ek nie weet hoe dit opgelos gaan word nie," het sy moedeloos in die video, wat later soos 'n veldbrand versprei het, gesê.

8. "Ek het nog die oggend by die skool se uitgang ingery, want ek het nie geweet wat die woord 'uitgang' beteken nie. Ek moes seker toe al geweet het," vertel sy nou laggend. Tot haar verbasing het die video ongelooflike steun vanuit die Afrikaanssprekende gemeenskap gelok en haar laat besluit om dié nuwe onbekende pad saam met Thabang aan te durf. Sy het besluit dat sy en Thabang sáám sy nuwe taal sal leer.

9. "Na sy eerste dag was sy klere lekker vuil van die gespeel. Dan weet 'n mens dat jou seuntjie 'n goeie dag gehad het."

**Ma en seun leer saam**

10. TikTok-video's waarin ma en seun nou sy aan sy leer tel, spel en gesels in Afrikaans het die internet, media en selfs Afrikaanse uitgewers se harte warm laat klop. 'n Rits boeke, geskenke én goeie raad van Afrikaanse 'ooms en tannies' het gevolg.

11. Thabang, wat nou die bynaam "Jaco" bygekry het, is ook nie skaam om vir mamma reg te help wanneer sy vashaak nie. "Dis 'n spanpoging tussen my, hom en die skool. Elke taal is belangrik en geen taal is te moeilik om te leer as jy jou hart daarin sit nie. In Limpopo is 'n Afrikaanse kind wat vlot Venda kan praat, so hoekom kan ek en my Sotho-kind nie Afrikaans leer nie?" Sy verwys na Thabang se onderwyseres, Yolani David, as "ons" juffrou. Hierdie vrou, sy is ons *angel.* Nee, engel, sê Awelani byna bewoë.

12. Op die vraag of haar seun nou sy hele skoolloopbaan in Afrikaans gaan voortsit, antwoord sy met groot entoesiasme. "Natuurlik ja, daar is mos net een hoërskool vir hom: Affies!"

Bron: Effens verwerk: https://www.google.com/search?q=sotho-ma+seun+leer+saam+afrikaans+maroela+media&rlz

**LET WEL:**

- Beantwoord AL die vrae.
  - Skryf net die vraagnommer en die antwoord neer.

1.1. Voltooi die sin hieronder deur 'n WOORD uit die hoofopskrif in te vul.

Awelani Khoaisi se moedertaal is... . (1)

1.2. Verduidelik waarom dit 'n probleem was dat Thabang by Laerskool Hermanstad ingeskyf was. (1)

1.3. Thabang se ouers kon hom help met Afrikaans.

Motiveer waarom hierdie stelling ONWAAR is. (1)

1.4. Hoe lank nadat Thabang by Laerskool Hermanstad geplaas is, kon hy die die joernalis in Afrikaans beantwoord? (1)

1.5.1. Watter sport speel Thabang by sy laerskool? (1)

1.5.2. Haal EEN WOORD uit paragraaf 2 aan om jou antwoord in 1.5.1 te motiveer. (1)

1.6. In paragraaf 4 gebruik die joernalis die woord "skattige" om Thabang te beskryf.

Kies die KORREKTE woord tussen hakies om die sin hieronder te voltooi.

Die joernalis voel dat Thabang (oulik / mislik) is. (1)

1.7. Noem TWEE eienskappe van Afrikaanse skole wat Thabang se ma voel bydra tot Thabang se vordering. (2)

1.8. Hoe en waar het Awelani haar misnoeë oor Thabang se plasing in 'n Afrikaanse skool te kenne gegee? (2)

1.9. Wie was verantwoordelik vir die gemors met Thabang se skoolplasing? (1)

1.10. Dink jy dat Awelani se aanvanklike misnoeë oor die gemors met Thabang se plasing by Hermanstad Laerskool regverdig was? Motiveer jou antwoord. (1)

1.11. Kyk na paragraaf 6.

Wat beteken dit as 'n skool "volwaardig Afrikaans" is?

Kies die KORREKTE antwoord. Skryf slegs die vraagnommer en die LETTER neer.

A. Die skool is net Afrikaans.
B. Die skool is Sotho en Afrikaans.
C. Die skool bied nie Afrikaans aan nie. (1)

1.12. Rangskik die volgende gebeure in die KORREKTE VOLGORDE, volgens die teks.

A. Thabang word by ‘n Afrikaanse laerskool aanvaar.
B. Thabang se ouers registreer hom betyds by die Gautengse onderwysdepartement.
C. Thabang se ouers registreer hom vir ‘n tweede keer.
D. Thabang word nie by enige laerskool aanvaar nie. (4)

1.13. Kyk na paragraaf 7.

Haal VYF opeenvolgende woorde aan wat vir ons aandui dat Awelani se plasing op sosiale media baie keer aangestuur is. (1)

1.14. Kyk na paragraaf 8.

Hier vertel Awelani laggend dat sy by die skool se uitgang ingery het.

Hoekom dink jy kan sy nou hieroor lag? (1)

1.15. Wat het vir Awelani laat besluit dat sy en Thabang saam die onbekende pad om Afrikaans te leer sou aandurf? (1)

1.16. Waaruit kon Awelani na Thabang se eerste skooldag aflei dat sy dag goed gegaan het? (1)

1.17. Op watter platform pos Awelani inhoud waar die internet, media and Afrikaanse uitgewers haar dophou terwyl sy en Thabang leer tel, spel en gesels in Afrikaans? (1)

1.18. Wat is, in jou opinie, die rede waarom Awelani vir Juffrou David ‘n engel noem? (1)

**(24)**

**TEKS B: ADVERTENDIE**

Bestudeer die advertensie teks hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg



1.19. Wie is die teikengroep van hierdie advertensie? (1)

1.20. Noem EEN vak waarvoor daar alreeds 'n pakket beskikbaar is. (1)

1.21. Vir watter EEN vak sal daar binnekort 'n pakket beskikbaar wees? (1)

1.22. Waar kan jy die pakkette bestel of meer inligting daaroor kry? (1)

1.23. Watter gesigsuitdrukking dui aan dat beide die seuntjie en die dogtertjie in hierdie advertensie gelukkig is? (1)

1.24. Noem EEN manier hoe die advertensie jou aandag trek. (1)

**(6)**

**TOTAAL AFDELING A: 30**

**AFDELING B: OPSOMMING**

Lees die teks hieronder en voer die instruksies uit.

**VRAAG 2: TERUG NA REG EET**

**INSTRUKSIES**

1. Som die SEWE WENKE wat jou sal help om gesonder te eet in jou EIE VOLSINNE op.
2. Skryf die **wenke** puntsgewys neer.
3. Nommer die **wenke** van 1 tot 7.
4. Jou opsomming mag nie meer as 70 woorde wees nie.
5. Dui die korrekte getal woorde aan die einde van jou opsomming aan.

Baie mense se gesonde eetgewoontes het verdwyn. Hier is hulp om weer op die regte pad te kom. ‘n Dieetkundige beveel die volgende aan:

Probeer om op vasgestelde tye te eet en belangrik, moenie eet wanneer jy nie honger is nie. Dek die tafel en eet daar, nie voor die televisie nie.

Om jou bloedsuiker en bloeddrukvlakke kans te gee om te stabiliseer, moet jy probeer om minstens 12 uur lank deur die nag te vas. Hoe minder jou bloeddrukvlakke op en af beweeg, hoe minder sal jy voel jy wil nog eet.

As jy jou maaltye vooruit beplan, sal dit makliker wees om gesond te eet en dit help jou ook sommer om minder geld uit te gee. As jy nie beplan nie, is dit maklik om na die naaste geriefsmaaltyd te gryp as jy honger is.

As jy ongesonde kos en peuselhappies in jou koskas aanhou, sal jy net in die versoeking kom om verkeerd te eet. Omring jouself eerder met gesonde kos en peuselhappies.

Te veel van enigiets is nie goed nie, selfs al is dit gesonde kos. Moenie elke dag ‘n hele avokado of 100g amandels eet nie. Beheer die porsies van die verskillende voedselgroepe, asook die peuselhappies wat jy eet.

Water reinig jou liggaam van toksiese stowwe en laat jou gouer versadig voel. Jy moet gemiddeld ses tot agt glase water per dag drink.

Oefening verbrand kilojoules en is ook goed vir jou geestelike welstand. Kies oefening wat prakties en pret is en skryf daagliks neer watter oefeninge jy gedoen het om jou te motiveer

(Verwerk uit Huisgenoot: 25 Junie 2020)


**TOTAAL AFDELING B: 10**

**AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES**

**VRAAG 3: ADVERTENSIE**

- **Die taalvrae wat volg, is op die advertensie (TEKS D) hieronder gebaseer.**
- **Voer die instruksies by elke vraag uit.**

**TEKS D**




**Bron: verwerk van:**
**https://www.google.com/url?sa=i&url=https%3A%2F%2Fwww.instagram.com%2Factivosa%2F&psig**

3.1. Wie is die teikengroep in hierdie advertensie? (1)

3.2. Gee EEN WOORD wat elke jaar beteken. (1)

3.3. Hoe wys die adverteerder dat muskiete gevaarlik is? Noem EEN feit. (1)

3.4. Haal ‘n SIN aan wat aandui dat jy nie ‘n dokter hoef te besoek om dié anti- Malaria medisyne te verkry nie. (1)

3.5. Watter illustrasie is daar dat muskiete mense meestal gedurende die nag byt? Noem TWEE visuele illustrasies. (2)

3.6. Identifiseer TWEE vervoermiddels wat die adverteerder gebruik om reis aan te dui. (2)

3.7. Kies die mees gepaste antwoord hieronder en skryf dan die vraagnommer en LETTER neer.

Watter vorm gebruik die adverteerder om die idee oor te dra dat Activo omgee oor mense?

A. ‘n stippellyn
B. ‘n ovaal vorm
C. ‘n hart

(1)

3.8. Skryf die volgende sin oor in die LYDENDE VORM.


Activo beskerm mense teen Malaria. (1)

**(10)**

**VRAAG 4: STROKIESPRENT**

- Die taalvrae wat volg, is op die strokiesprent (TEKS E) hieronder gebaseer.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.

**TEKS E**




4.1. Hoe kan ons uit die spotprent aflei dat die son te warm vir Ouma is?

Noem TWEE dinge. (2)

4.2. Wat doen Mamma om haar gesig teen die son se strale te beskerm? (1)

4.3. Kies die KORREKTE woorde tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer en die antwoorde neer.

Ons weet dat Sussie 4.3.1.(opwindend / opgewonde) is oor die braai , want haar sin eindig met 'n 4.3.2.(vraagteken / uitroepteken). (2)

4.4. Watter aanduiding is daar in die prent dat dit nie net die mense is wat so warm kry nie? (1)

4.5. Skryf die volgende sin oor in die INDIREKTE REDE.

Pappa sê: "Elke dag is braaidag." (1)

4.6. Verbind die volgende sinne met die VOEGWOORD tussen hakies.

Die gesin spandeer tyd in en om die swembad. Dit is 'n vuurwarm dag. (aangesien) (1)

4.7. Kies die korrekte BETREKLIKE VOORNAAMWOORD om die sin mee te voltooi.

Skryf slegs die vraagnommer en die woord neer.

Oupa, (wie/wat) langs Ouma sit, drink ‘n glas yskoue koeldrank. (1)

4.8. Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die vraagnommer en die letter neer.

Sussie hou die koerant vas. Die opskrif op die voorblad dui aan dat...

A hulle swem oefeninge moet doen.
B hulle ‘n koue front kan verwag.
C hulle vleis moet braai.
D hulle baie warm gaan kry. (1)

**(10)**

**VRAAG 5: ARTIKEL EN PRENT**

- Die taalvrae wat volg, is op die artikel (Teks F) en prent (Teks G) hieronder gebaseer.
- Die nommering in die artikel verwys na die nommer van die vraag wat beantwoord moet word.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.
- Skryf slegs die vraagnommer en die antwoord neer.

5.1. Lees die artikel en beantwoord die vrae.

**TEKS F: ARTIKEL**

## HOU KOP IN DIE EKSAMEN

My onderwyser, Meneer Botha is ervare en (5.1.1.) (...) het goeie raad vir die graad elf leerders. (5.1.2.) Volgens Meneer Botha is daar nog tyd oor om te ontspan voor die eksamens. Meneer Botha glo dat die graad-11 eksamen baie belangrik (5.1.3.) ... elke leerder se lewe is. (5.1.4.) Leerders moet tydens die eksamen konsentreer op elke vraestel.

Party leerders berei (5.1.5.) (goed) voor as ander en hulle is nie so bang as die eksamen naderkom nie. Soms sal jy moet studeer totdat dit (5.1.6.) (baie donker) is. Jy moet ‘n studierooster hê. (5.1.7.) Jy moet elke dag daarby hou om te verseker dat jy by bly.

As jy goed doen in die eksamens sal jy so trots soos ‘n 5.1.8. ... voel.

(5.1.9.) Jy vind party vraestelle moeilik. Dit help nie (5.1.10.1.) ... jou daaroor (5.1.10.2.) ... bekommer nie. Fokus eerder op die ander (5.1.11.) (vak) vat nog geskryf moet word.

Elke vaestel is ‘n (5.1.12.) (nuut) kans om goed te doen. Hou by jou (5.1.13) skedule. Jy kan nie elke dag van die oggend tot die aand leer nie. Maak dus tyd vir eet, slaap en oefen.

Onthou, die eksamen gaan nie vir altyd aanhou nie.

(Verwerk uit *Kuier*, 31 Oktober 2018)

5.1.1. Vul die korrekte VOORNAAMWOORD in.

My onderwyser, Meneer Botha, is ervare en ... het goeie raad vir die graad elf leerders. (1)

5.1.2. Skryf die volgende sin in die ONTKENNENDE VORM oor.

Volgens Meneer Botha is daar nog tyd oor om te ontspan voor die eksamens. (1)

5.1.3. Vul die korrekte VOORSETSEL in.

Meneer Botha glo dat die graad-11 eksamen baie belangrik ... elke leerder se lewe is. (1)

5.1.4. Stel 'n VRAAG sodat die onderstreepte gedeelte die antwoord vorm.

Leerders moet tydens die eksamen konsentreer <u>op elke vraestel</u>. (1)

5.1.5. Gee die VERGROTENDE TRAP van die woord tussen hakies.

Party leerders berei (goed) voor as ander en hulle is nie so bang as die eksamen naderkom nie. (1)

5.1.6. Gee die INTENSIEWE VORM van die woord tussen hakies. .

Soms sal jy moet studeer totdat dit (baie donker) is. (1)

5.1.7. Skryf die volgende sin in die VERLEDE TYD oor.

Jy moet elke dag daarby hou om te verseker dat jy by bly. (1)

5.1.8. Voltooi die VERGELYKING in die sin hieronder.

As jy goed doen in die eksamens sal jy so trots soos 'n 5.1.8. ... voel. (1)

5.1.9. Skryf die volgende sin in die TOEKOMENDE TYD oor.

Jy vind party vraestelle moeilik. (1)

5.1.10. Vul die woorde in die oop spasies in om die INFINTIEF te vorm.

Dit help nie (5.1.10.1.) ...jou daaroor (5.1.10.2.) ,,, bekommer nie. (2)

5.1.11. Gee die MEERVOUD van die woord tussen hakies.

Fokus eerder op die ander (vak) vat nog geskryf moet word. (1)

5.1.12. Gee die KORREKTE VORM van die woord tussen hakies.

Elke vraestel is 'n (nuut) kans om goed te doen. (1)

5.1.13. Verdeel die woord "skedule" in LETTERGREPE. (1)

**(14)**

5.2. Kyk na die prent hieronder en beantwoord die vrae.

**TEKS G: PRENT**



[Bron: www.educationalcartoonists.com]

5.2.1. In watter vertrek van die huis is Ma en Rachel? (1)

5.2.2. Kies die korrekte SPELLING van die woord tussen hakies.

Rachel se ma staan met haar (report/rapport) in haar hand. (1)

5.2.3. Kies die korrekte VOORSETSEL tussen hakies.

Rachel se ma is kwaad (met/vir) Rachel. (1)

5.2.4. Gee die ANTONIEM van die woord tussen hakies.

Rachel is 'n (soet) kind. (1)

5.2.5. Skryf die volgende sin in die LYDENDE VORM oor.

Rachel het gister 'n nuwe selfoon gekry. (1)

5.2.6. Gee die VERKLEINWOORD van die woord tussen hakies.

Daar is 'n klein (lamp) langs haar bed. (1)

**(6)**

**TOTAAL AFDELING C: 40**

**GROOTTOTAAL: 80**